Laerskool Gene Louw | 26 Junie 2026 | Uitgawe 8/2026

# BULLETIN



**Vele hande, ligte werk** Van die personeel wat tydens pouses blokkies gebrei het ten bate van 'n liefdadigheidsprojek wat kniekomberse aan behoeftige bejaardes skenk.

## GENIES HOOGTEPUNTE

- Verbeterings
- Kwartaaluitslae
- Sport & kultuur

## UIT DIE HOOF SE PEN

Beste ouers en voogde

Aan die einde van die tweede kwartaal kan ons met dankbaarheid terugkyk op 'n tydperk waarin ons leerders nie alleen akademiese groei getoon het nie, maar ook die waarde van integriteit daagliks in hul werk, hul verhoudings en hul deelname aan skoolaktiwiteite uitgeleef het.

Hierdie sentiment word treffend verwoord in hierdie vertaling van 'n pragtige Japanese weergawe van die bekende Psalm 23: "*The Lord is my pacesetter. I shall not rush. He makes me stop and rest for quiet intervals... Surely, harmony and effectiveness shall be the fruit of my hours, for I shall walk in the pace of my Lord and dwell in his heaven forever.*" Integriteit gaan dus nie bloot oor eerlikheid nie, maar ook oor balans, kalmte en die regte pas.

Ons is trots op die wyse waarop al ons leerders hul beste gegee het – nie net wanneer hulle presteer het nie, maar ook wanneer dit moeilik gegaan het. Mag hierdie kwartaal se fokus op integriteit, tesame met die ritme van God se leiding, 'n sterk fondament wees waarop ons in die res van die jaar kan voortbou.

Ek wens elke Gene Louw-huishouding 'n welverdiende rustyd toe.





## 'n Klop op die skouer van SEA

Ons is besonder ingenome met die uitmuntende rapport wat Laerskool Gene Louw ontvang het van die Wes-Kaapse Skoolevalueringsowerheid (SEA), 'n onafhanklike organisasie wat die gehalte van onderrig, veiligheid en bestuur van skole in die provinsie assesseer.

Benewens die meningspeilings wat u onlangs gevra is om te voltooi, het verteenwoordigers die skool oor twee dae besoek en vyf kernareas van bestuur en nakoming gedek. Ons sal u in kennis stel sodra die amptelike verslag op die SEA-webwerf gepubliseer word.

# #GENIESROAR2026

Gereed vir aksie!

## AKADEMIESE UITSLAE: KWARTAAL 2

| Graad | Slaagsyfer % | Gemiddeld % |
|---|---|---|
| 1 | 96 | 83.3 |
| 2 | 97.5 | 84.5 |
| 3 | 97.9 | 80.4 |
| 4 | 96 | 75,3 |
| 5 | 94.6 | 73.9 |
| 6 | 90.7 | 75.8 |
| 7 | 99.6 | 74.3 |

Ons is ingenome met die feit dat daar 'n afname was in die aantal leerders wat nie die minimum vereistes behaal het nie. Intervensiestrategieë en assesseringskonsessies toon positiewe resultate, en ons gaan daarmee voort in Kwartaal 3.

Graad 4-7 se gemiddelde punte het effens gedaal weens die formele toetsing van werk wat Kwartaal 1 en 2 gedek het, vergeleke met die taakgebaseerde assesserings wat in Kwartaal 1 gedoen is.



Ons o/13B-meisieshokkiespan is onder diegene wat gedurende die vakansie op toer sal meeding.

## Sport & kultuur

Voorspoed aan al die leerders wat tot provinsiale sportspanne verkies is en eersdaags aan hul nasionale toernooie sal deelneem, asook aan die rugby-, hokkie- en netbalspanne wat gedurende die vakansie op toer gaan.
Die buitemuurse program vir Kwartaal 3 se wintersport is op d6 beskikbaar.

→ **UITSLAE** Kliek hier vir die nuutste **netbal**-, **hokkie**-, **rugby**- en **skaakuitslae**.

**Koor** Ons senior koor het gekwalifiseer vir die finale ronde van die ATKV Applous-koorkompetisie, wat in die tweede week van Kwartaal 3 sal plaasvind.
**Eisteddfod** Meer inligting sal volg rakende individuele kompetisies wat steeds voortduur.

## Kreatiewe spogwerk

Ons verwonder ons gereeld aan die kreatiewe talent van die jongmense waarmee ons die voorreg het om te werk. Die Gr 3's het die afgelope kwartaal inspirasie uit Pablo Picasso geput om maskers van karton, koerantknipsels en gemengde media te skep. Kliek op die name hieronder om te kyk hoe hierdie leerders hulself uitgebeeld het:

- **Amoré Meyer (3A3)**
- **Nontando Mbambo (3E1)**
- **Henriette Hayward (3A4)**



## UIT DIE PERSONEELKAMER

Met opregte dankbaarheid neem ons afskeid van **mnr. Clive Vertue** (5E1), 'n legendariese opvoeder wat ná 35 jaar van toegewyde diens aftree. Die impak wat hy op duisende leerders oor drie dekades gehad het, is onmeetbaar, maar sy nalatenskap sal voortleef in die lewens wat hy aangeraak het.

Baie geluk aan **mev. Karla van der Merwe** (3A4) met die geboorte van haar babadogter voorverlede week.

Ons innige simpatie met **mnr. Collen Daniels** (algemene werk) en **me. Marietjie Martinson** (musiek, koor) wat albei onlangs geliefdes aan die dood afgestaan het.

## NÓG BETER...

**Die volgende verbeterings word gedurende die vakansie by ons skool aangebring:**

1. Alle seniorfase-klaskamers word oorgeverf.
2. Vyf klaskamers sal met nuwe vloere opgeknap word.
3. In die Intersenfase-STEM-klaskamer sal opgegradeerde lessenaars in 'n meer praktiese uitleg geïnstalleer word..

Ons is opgewonde om ná die vakansie te sien hoe netjies die skool lyk. Daar word ook beplan om die huidige ingang by die sporthek binnekort op te gradeer.

## 'n Laaste paar notas

- **Verdagingstye** Graadgroepe gaan vanoggend as volg huis toe:
**Gr 1, 2, 4 en 5 – 10:55**
**Gr 3, 6 en 7 – 11:05**
- **Rapporte** Alle rapporte vir die kwartaal word deur die loop van die oggend per e-pos aan ouers gestuur.
- **Heropening** Skool hervat aan die begin van volgende kwartaal op Dinsdag 21 Julie.
- **Uniform** Net 'n herinnering dat daar van alle leerders verwag word om in hul volle winteruniform terug te keer skool toe. ■